# DIE SKIETLOOD

229e Uitgawe 15 Augustus 2024

saam met Koersvas 229

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.

## Fundamentalisme - vervolg

In 'n vorige geskriffie is een en ander oor fundamentalisme opgemerk. Miskien moet ek nog enkele opmerkings in hierdie uitgawe maak.

Natuurlik sal net 'n fundamentalis stawing vir sy fundamentalistiese interpretasie van die Bybel in die Bybel sien. Sommer 'n oppervlakkige nagaan van die tekste wat fundamentalistiese apologete gebruik toon duidelik dat hierdie tekste nie beteken wat die apologeet graag wil hê nie. Eers wanneer die fundamentalistiese raamwerk, sy eie vooronderstellings afgelei uit sekere Protestantse tradisies op die teks toegepas word lyk dit of die teks dit wat die fundamentalis dink, sê. Die verbeeldingswerk word so op die Bybel afgedwing. Enige erkenning dat tekste 'n fundamentalistiese betekenis dra slegs indien dit deur die bril van fundamentalisme geïnterpreteer word sou 'n fatale opvatting wees. Dit dui tog op die onsinnigheid hiervan. Indien die Bybelse teksuitleg tot konserwatiewe resultate lei wanneer die regte, die fundamentalistiese vooronderstellings toegepas word sien ons betekenisdwang en hou dit in dat fundamentalisme nie op Bybelse grondslag staan nie maar eerder een van vele menslike interpretasies is. Op sigself sou die Bybelse teks iets heel anders beteken.

In die fundamentalisme staan menslike gesag voorop. Dit is haas onmoontlik om enige indringende kritiese gesprek met 'n fundamentalis oor die betekenis van 'n gedeelte uit die Bybel te voer. Hiervan wil hulle nie eintlik weet nie. Waaroor hulle wel praat, is hulle voormanne. Wie diesulkes is, moet gewig aan die argument gee. Da Costa sou 'n groot teoloog wees en Paul Kruger 'n fundamentalis.

Daar stop dit. In die feitelike diskoers stel die fundamentalis glad nie belang nie eerder in mense se name en organisasies wat die standpunt sou steun asof jou argument so beter word. So 'n diskoers het met teologiese debat niks te make nie. Eerder gaan dit oor die posisie van die toonaangewende evangelis, die een met die baie volgelinge, die raadgewer wat bekend is vir sy konserwatiewe denke.

Diesulkes word onaantasbaar teenoor teoloë van wie se werk ons veel sou dink. Die fundamentalisme plaas klem op die guru in die kollig met sy volgelinge. Die invloed van die guru is geweldig.

Op die ou end strek die omlyning van die probleem van fundamentalisme baie wyd. Op die breedste wentel dit om die vraagstuk tussen die Roomses en ons, die Protestante. Ons Protestante kon staan op die feit dat die Bybel ons enigste gesagsbron is. Die het natuurlik ook sy uitwasse. Vele kere moes ek aanhoor: "nee, ds., ek glo in my Bybel", en moet mooi en versigtig verduidelik word ons glo nie in die Bybel nie maar in die Here wat Hom in die Bybel aan ons openbaar. Hierdie is die effek van die fundamentalisme om die oortuiging tot by absolutisme te druk. Wanneer dit dan absoluut word begin dit in konflik staan met die feite van die Bybel self. Hierdie kwessie tree veral op die voorgrond wanneer jy met fundamentaliste praat wat

jou standpunt nie maar net as liberaal sal afmaak nie maar sommer Rooms. Tot die debat kan so onmoontlik iets bygedra word.

Van al die klemtone binne die Protestantse is fundamentalisme die een wat by uitstek volledig die soort van Christelikheid weergee waarteen die Protestante in opstand gekom het. Sy mislukking om rekening te hou met die betekenis van die teks, sy aandrang om tradisie op die teks af te dwing sonder enige gevoel vir sy eie en ook die Bybel se historiese konteks en sy nadruk op menslike gesag, lê reglynig met dit waarteen die Protestante nee gesê het. Die ontrafeling van al die probleem behels nie maar net die konflik tussen konserwatiewe en liberale protestante nie maar dit vereis ŉ studie wat teruggryp na die skeiding van die weë tussen Protestante en Roomses en selfs nog verder terug na verskillende klemtone in die Bybel self. Vir fundamentaliste is die Bybel die simbool en die waarborg van sy eie kerklike tradisie en kollektiewe persoonlikheid maar die werklikheid van die Bybel praat daarteen.

Uiteindelik kan gesê word fundamentalisme is maar een rigting van menslike interpretasie waarvoor sekeres tussen ander interpretasiemoontlikhede kies. Daarby is fundamentalisme ŉ interpretasiemoontlikheid wat sekerlik net so ‘n vergissing as wat enige ander sal wees. Watookal fundamentalisme is dit word nie deur die Bybel in die gelyk gestel of deur die Bybel onderskryf nie.

- Ds(em) Piet Viljoen (Bloemhof/Makwassie)
(pitanix@gmail.com)